Billy November 11B

HOËRSKOOL NORMAN HENSHILWOOD
EKSAMEN

DATUM	15 JUNIE 2011
GRAAD	**11**
AFRIKAANS EAT	VRAESTEL 1
TYD	2 UUR
PUNTE	80
EKSAMINATOR	A. ADAMS
MODERATOR	R. WEGERHOFF

9.6
Checked

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELINGS A, B en C.

   AFDELING A: Leesbegrip (30 punte)

   AFDELING B: Opsomming (10 punte)

   AFDELING C: Taal (40 punte)

2. Beantwoord ALLE vrae.
3. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
4. Nommer presies soos op die vraestel.
5. Nommer in die middel van die bladsy en laat 'n reël oop tussen jou antwoorde.
6. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.
7. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A

VRAAG 1

Lees onderstaande tekste deeglik deur en beantwoord dan die vrae.

Beckham sukkel met seun (7) se somme

1. LONDEN. – Die sokkerster en voormalige Engelse nasionale kaptein, David Beckham, het erken hy kan nie sy sewejarige seun met sy huiswerk help nie omdat dit te moeilik is.

2. Hy het dié onthulling gemaak aan die *Mail on Sunday* in 'n onderhoud om sy nuwe sokkerakademie in Greenwich, Londen te bemark.

3. Volgens Beckham is Brooklyn, die oudste van sy drie seuns, gevra om 'n huiswerk-opdrag te doen waarby wiskunde betrokke is.

4. "Hul huiswerk is so moeilik deesdae. Ek het die ander dag met Brooklyn gesit om sy huiswerk te doen en toe maar gesê: 'Victoria, miskien moet jy eerder vanaand met die huiswerk help.'"

5. Beckham en sy vrou, Victoria, word gereeld deur die Britse media gespot dat hulle nie die mees intellektuele supersterre in Brittanje is nie, al is sy fortuin sowat £65 miljoen (meer as R650 miljoen) werd. Hulle is verlede jaar in 'n Channel 4-peiling aangewys as die "sinloosste beroemde paartjie".

6. Beckham het aan die koerant gesê die skoolwerk wat sy seun moes doen, is "heeltemal anders" as voorheen. "Dit word heeltemal anders gedoen as wat ek op skool geleer is."

7. Brooklyn gaan skool teen £1 200 (R12 000) per kwartaal by 'n Britse skool in Madrid, Spanje. Die skool is bekend vir sy hoë peil en slegs kinders met 'n IK van 110 of hoër word ingeskryf.

[*Bron onbekend*]

1.1 Haal 'n woord uit paragraaf 1 aan wat daarop dui dat Beckham 'n besonder goeie sokkerspeler is. (1)

1.2 Waarom het die koerant 'n onderhoud met Beckham gevoer? (2)

1.3 Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Stelling: Brooklyn het TWEE ouer broers. (2)

1.4 Wat het Beckham gedoen toe hy nie sy seun met sy Wiskunde kon help nie? (2)

1.5 Watter woord in paragraaf 5 verwys na Beckham se rykdom? (1)

1.6 Hoe verduidelik Beckham die feit dat hy nie sy seun met sy huiswerk kan help nie? (2)

1.7 In watter land gaan Brooklyn skool? (1)

1.8 Waarom spot die Britse media dikwels met Beckham en sy vrou? (2)

1.9 Hoe weet 'n mens dat Brooklyn redelik intelligent moet wees? (2)

1.10 Waarom word die seun se ouderdom in die opskrif van die berig gegee? (2)

EN

[Uit: ***Die Burger***, datum onbekend]

1.11 Waarom, dink jy, is die pa ontevrede met sy seun? (2)

1.12 Hoe wys die pa se liggaamstaal dat hy ontvrede is? (2)

1.13 Wat hou die seuntjie in sy linkerhand vas? (1)

1.14 Kyk weer na die spotprent en lees ook die seuntjie se woorde. Op watter TWEE maniere wil die seuntjie heel moontlik eendag soos Beckham wees? (2)

[24] 18

EN

VRAAG 2

Lees die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.

Wanneer dit kom by spaar ... dink klein ...

In 1987 het 'n vooraanstaande (*prominent*) internasionale lugredery opgemerk dat feitlik geeneen van hulle eersteklaspassasiers al die olywe in hul slaai eet nie. Hulle besluit toe om net een olyf minder in elke passasier se slaai te sit. Hierdie stap het die lugredery 'n besparing van om en by R500 000 oor die volgende jaar in die sak gebring.

Ons kan almal hieruit leer. Dis 'n goeie voorbeeld van hoe 'n mens met beplanning en 'n begroting daarin kan slaag om jou rande te rek.

['n Advertensie van Allan Gray in *Geld Rapport*, 21 Augustus 2003]

2.1 Lees die eerste sin. Is dit 'n feit of 'n mening? Motiveer jou antwoord. (2)

2.2 Lees die laaste paragraaf. Wat bedoel die skrywer met "jou rande te rek"? (2)

2.3 Watter boodskap wil die skrywer in die laaste paragraaf aan die leser oordra? (2)

[6]

TOTAAL AFDELING A: 3023

AFDELING B - OPSOMMING

VRAAG 3

- Lees die koerantberig aandagtig deur.
- Soek SEWE riglyne uit die koerantberig wat joernaliste en tydskrifte moet onthou vir 'n gesonde liggaamsbeeld.
- Skryf elke wenk in 'n goeie volsin neer.
- Moenie Engelse woorde in jou antwoord gebruik nie. Die Engelse woorde in die teks is om jou te help om die teks makliker te lees.
- Skryf jou sinne PUNTSGEWYS van nommer 1 tot nommer 7 neer.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Jy moet die getal woorde aan die einde van die opsomming aandui.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 70 woorde skryf of as jy nie die getal woorde aandui nie.

JOU LYF

Liggaamsbeeld (*body image*) is 'n saak wat ernstig beskou moet word, want dit het 'n uitwerking op die gesondheid en geluk van die gemeenskap.

Die Australiese Minister van Jeugsake, Kate Ellis, het onlangs 'n nuwe simbool bekendgestel wat aan tydskrifte, modelagentskappe en modehuise 'n regmerkie gaan gee as hulle 'n gesonde liggaamsbeeld voorhou.

Sekere riglyne word voorgestel sodat die gemeenskap daarby kan baat. Fotobeelde word dikwels digitaal gemanipuleer of gespuitkwas (*ge-airbrush*), maar die publikasie moet dit openbaar (*disclose*) indien hulle dit doen of sulke materiaal gebruik.

Liggaamsbeelde waar die vorm van die liggaam verander is, byvoorbeeld om 'n vroue-model langer bene of 'n kleiner middel te gee as wat sy eintlik het, moet vermy word. Die verwydering van sproete word algemeen gedoen en moet ook vermy word.

Daar moet slegs modelle van sestien jaar en ouer gebruik word om vroueklere te vertoon. Buitensporige (*excessive*) maer modelle of manlike modelle wat té gespierd is, skep 'n negatiewe liggaamsbeeld by lesers omdat dit onmoontlik is om so te lyk.

Die bevolking bestaan uit 'n wye verskeidenheid liggaamsoorte, groottes en rassegroepe en dit moet in artikels en vir reklame gebruik word.

Onrealistiese verwagtinge word geskep deur advertensies vir snelverslanking (*crash diets*), plastiese chirurgie en ekstreme gim-oefeninge te gebruik, asook deur artikels wat 'n negatiewe liggaamsbeeld bevorder.

[*Bron onbekend*]

1. Digitaal gemanipuleerde fotobeelde moet deur die publikasie openbaar wees. (9)
2. Jy moet vermy liggaamsbeelde waar die vorm van die liggaam verander is. (12)
3. Jy moet vermy die verwydering van sproete (7)
4. Modelle moet sestien en ouer wees om vroueklere te bestaan (10)+1
5. Jy moet nie modelle kry wat 'n perfekte liggaam hê. (10)+2 (66)
6. Artikels en reklame moet vir alle liggaamsoorte, groottes en rassegroupe wees. (11)
7. Jy moet nie onrealistiese advertensies plaas nie. (7)

TOTAAL AFDELING B: 10 &

AFDELING C: TAAL

VRAAG 4

Lees en kyk na die spotprent en beantwoord die vrae.



4.1 Skryf die getal in die onderstaande sin in woorde:

5000 sterf jaarliks (1)

4.2 Gee die teenoorgestelde van die twee woorde tussen hakies:

Dit is een van die (min) (veilige) taxi's. (2)

4.3 Gee een woord vir die woorde tussen hakies:

4.3.1 Daar is verskeie (mense wat te voet is) en motoriste. (1)
4.3.2 Die motors beweeg stadig, want daar is 'n (verkeer+knoop). (1)

4.4 Skryf die ontbrekende woord neer:
4.4.1 Baie mense gaan ... taxi werk toe (korrekte voorsetsel) (1)
4.4.2 Die mans ... staan en gesels, dink dat taxi's veilig is. (korrekte voornaamwoord) (1)
4.4.3 'n Mens kan soms kies of ... 'n taxi wil gebruik. (korrekte voornaamwoord) (1)

4.5 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:

4.5.1 Sy ouma het haar (liewe/lewe) in 'n ongeluk verloor. (1)

4.5.2 Die twee donkies trek (swaer/swaar) aan die vrag. (1)

4.6 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

Is dit (goedkoop) om met die taxi as met die bus te ry? (1)

4.7 Skryf die afkorting in die onderstaande sin voluit:

Daardie taxi lê elke dag 500**km** af. (1)

4.8 Skryf in die verlede tyd:

Die twee mans staan en gesels op die sypaadjie.
(Gister ...) (2)

4.9 Skryf in die teenwoordige tyd:

Die drywer het die donkies aangejaag.
(Die drywer ...) (2)

4.10 Skryf in die toekomende tyd:

Daar was weer 'n ongeluk.
(Daar ...) (2)

4.11 Skryf in die ontkennende vorm:

4.11.1 Daar is veilige taxi's. (1)

4.11.2 Die wrak kan nog gebruik word. (2)

4.12 Skryf in die indirekte rede. Begin jou antwoord soos aangedui.

Die man het gesê: "Hier kom 'n veilige taxi verby."
(Die man het gesê dat ...) (2)

4.13 Herskryf die onderstaande sinne deur met die woorde tussen hakies te begin:

4.13.1 Die donkies trek die donkiekar. (Die donkiekar ...) (2)

4.13.2 Taxi's het 7467 ongelukke veroorsaak. (7467 ongelukke ...) (2)

4.14 Verbind die onderstaande sinne met die woorde tussen hakies:

4.14.1 Duisende mense sterf jaarliks. Baie taxi's is by ongelukke betrokke. (omdat) (1)

4.14.2 Duisende mense sterf jaarliks. Baie taxi's is by ongelukke betrokke. (want) (1)

[29]

21

VRAAG 5

Lees en kyk na die spotprent en beantwoord die vrae.

[Uit: ***Die Burger***, datum onbekend]

5.1 Kies die korrekte woord:

5.1.1 Die polisielede (waaroor/ oor wie) hulle bekommerd is, is oorgewig. (1)
5.1.2 Die ry (waarin/ in wat) hulle staan, is skeef. (1)
5.1.3 Die snoepie (waarheen/ na wat) hulle gaan, verkoop ongesonde kos. (1)

5.2 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

Die (Brittanje) polisie word die "thin blue line" genoem. (1)

5.3 Verbind die twee sinne met 'n gepaste voornaamwoord:

Die polisie is vriendelik. Die polisie is oorgewig. (wie/wat) (2)

5.4 Verbeter die woordorde in die onderstaande sin:

Daar's planne om die talle oorgewig SAPD-lede aan fiksheidsvereistes te laat voldoen oor die volgende paar jaar. (2)

5.5 Gee die enkelvoud van **lede**. (1)

5.6 Lees die onderstaande sin en vervang die woord **moet** met **behoort**:

Indien die polisielede fikser word en minder eet, moet hulle gewig verloor. (2)

[11] 9

TOTAAL AFDELING C: 40 36

GROOTTOTAAL VRAESTEL: 80